SAAM SKEP ONS VOLHOUBARE WELVAART
TOGETHER WE CREATE SUSTAINABLE PROSPERITY

Waardeproposisie

1. AHI agtergrond

Die AHI is 'n multi-sektorale sakeorganisasie wat reeds in 1942 gestig is. Oor die jare het die AHI 'n belangrike bydrae tot die groei van die Suid Afrikaanse ekonomie gelewer. Ofskoon die AHI uit geaffilieerde besighede bestaan, is die AHI self nie 'n besigheid nie, maar 'n nie-winsgewende organisasie met 'n jaarlikse begroting bestaande uit ledegeld, korporatiewe bydraes en bydraes van ander borge en befondsers.

Een van die hoofdoelwitte van die AHI is om 'n volhoubare bydrae tot die ontwikkeling en uitbou van die land se ekonomie te lewer in belang van die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap waar die AHI 'n teenwoordigheid het. Die AHI is daartoe verbind om 'n inklusiewe organisasie te wees wat die hele diverse bevolking verteenwoordig.

Die AHI is 'n gerespekteerde organisasie. Die Nasionale Regering en organisasies op die Afrika-kontinent en elders het hoë agting vir die AHI. In Februarie 2016 het die Departement van Finansies byvoorbeeld die AHI genader om die Na-Begrotingsontbyt van Minister Pravin Gordhan aan te bied. Kyk op die skakels hier onder vir meer inligting oor die soort respek wat aan die AHI betoon word:

- Call for Proposals: External Evaluation of PEERS Programme
- TRIAS

2. Waardeproposisie

Die AHI bied 'n omvattende waardeproposisie aan lede. Hierdie waardeproposisie kan opgesom word in tasbare en nie-tasbare voordele.

2.1 Geloofwaardigheid

- Bestaan reeds 74 jaar as 'n stabiele en gevestigde organisasie.
- Het 'n ryke baanrekord met visionêre en toegewyde leierskap. Ontmoet die AHI Direksie

2.2 Uitgebreide Ledebasis

- Het 'n nasionale voetspoor met verteenwoordiging in elke provinsie - in totaal 108 sakekamers met 'n ledetal wat wissel van klein tot etlike honderde besighede per Sakekamer
- Het verskeie invloedryke korporatiewe lede insluitend, ABSA, Auto & General, Exxaro, Media24/Naspers, Remgro, Sanlam, Santam, TSB en Vodacom. Dié lede is toonaangewend in hul eie reg en van hulle is internasionale leidende rolspelers

- Het Business Partners, Eskom, Kumba en Telkom onder andere as silwersakelede. Daardeur het die AHI direkte inspraak tot van hierdie organisasies.

2.3 Geleenthede en Blootstelling

- Die AHI is 'n uitgebreide netwerk van duisende maatskappye. Lede kan hierdie netwerk tot hul voordeel en groei benut.
- AHI-lidmaatskap bied gratis teenwoordigheid op en toegang tot die AHI se Nasionale webblad deur middel van baniere. Dit sluit sosiale media in. Dienste, produkte en nuusgebeure kan hierop geadverteer en aan duisende lede landswyd bekend gestel word vir leidrade en besigheid. Kyk **www.ahi.co.za**

Klik hier vir totale voordele wat die AHI webwerf bied.

- Toegang tot Africa Business Connect – 'n e-platvorm van besigheidsnetwerke binne Suid-Afrika asook toegang tot besigheid in die res van Afrika.
- Eksklusiewe voordele wat deur korporatiewe aan lede gebied word, byvoorbeeld 33% afslag op koerante van Media24, dienste en produkte van Sanlam. Verdere voordele wat 'n tasbare verskil vir lede sal meebring, word tans ondersoek.
- Gesamentlik bied die AHI en hul lede werksgeleenthede aan honderde duisende werknemers wat die AHI 'n krag in die sakewêreld en ekonomie maak.
- Bied belangrike toegang tot die gedrukte media. Dit sluit in goeie bande met die Afrikaanse en Engelse gedrukte media (Die Burger, Beeld, Rapport, Volksblad, streekskoerante, en Independent Media (met al hul titels).
- Toegang tot 'n verskeidenheid van televisie- en radiostasies soos die SABC en onafhanklike mediagroepe.
- Lidmaatskap van die AHI bied bepaalde bemarkingsgeleenthede vir lede asook konstruktiewe interaksie met medelede tydens werkswinkels, op plaaslike, provinsiale en nasionale vlak AHIBlog / Lessenaar van Deskundigheid / AHI Ledegids

2.4 Bron van Inligting en Ondersteuning aan Lede

- Doen voorspraak namens lede ten opsigte van voorgenome wetgewing en ander kwessies wat lede raak.
- Het 'n Werkgewersorganisasie wat spesifieke voordele vir lede bied, wat onder meer verteenwoordiging by die KVBA (CCMA) insluit.
- Bied toegang tot finansiering veral vir kleinsake ondernemings by onder andere SEFA.
- Gee advies rakende plaaslike ekonomiese ontwikkeling en die verhouding tussen sakekamers en die plaaslike munisipaliteite
- Entrepreneurskapsopleiding en ontwikkeling aan sowel bestaande as nuwe entrepreneurs.

- Toegang tot die ervaring, insig en kennis van gesoute sakemanne en vroue soos die Raad van Trustees, wat bestaan uit voormalige Presidente en verteenwoordigers van korporatiewe lede.
- Beskik oor die dienste en kundigheid van Deskundigheidslessenaars. Hierdie lessenaars bied advies, fasilitering, verskaf inligting, lewer insette namens lede. Hulle identifiseer en help met sulke kwessies om lede in staat te stel om kompeterend en effektief te wees in hul onderskeie sektore.

Deskundigheids Lessenaars sluit in:

- Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
- Toerisme
- Regsaangeleenthede
- Vrouesake
- Projekte
- Opleiding
- Nywerheid en Groen omgewing
- Klein, medium en mikro ondernemings
- Swart ekonomiese bemagtiging, en
- Handelsbetrekkinge

Klik op enige van die bogenoemde lessenaars om aan die forumgesprekke deel te neem.

2.5 Skakeling en Strategiese posisionering

- Handhaaf goeie verhoudinge met die regering, veral die Tesourie, Departement Kleinsake ontwikkeling, CoGTA, Openbare Werke, Handel en Nywerheid en Openbare Ondernemings. Die AHI het 'n formele ooreenkoms met CoGTA en SALGA. Vir meer oor die AHi se verhouding met CoGTA en SALGA: http://www.netwerk24.com/sake/2013-06-18-ahi-kan-nou-in-dorpe-woeker

- Is 'n volopbetaalde lid van Business Unity South Africa, waardeur dit verteenwoordiging op Nedlac verkry.

- Het 'n goeie verhouding met susterorganisasies in Suid-Afrika, soos SACCI, Cape Regional Chamber of Commerce and Industry, NAFCOC en die Black Management Forum, Black Business Council en Fabcos.

2.6 Beeldbou en Bemarking

- Hou jaarliks 'n Nasionale kongres vir lede, wat 'n uitstekende geleentheid bied vir netwerk en inligting.

Entrepreneurship programmes with Trevor Manuel & Minister Lindiwe Zulu

- Provinsies en sakekamers hou jaarlikse kongresse en maandelikse netwerk geleenthede. Sakekamers bied ook unieke voordele aan in hul onderskeie dorpe en streke, soos gesamentlike bemarking en bedinging.

- Hou jaarliks in Desember die Nelson Mandela Gedenklesing met deelname deur al die belangrikste sakeorganisasies wat een sakestem bevorder om Madiba te vereer en sake-eenheid in Suid-Afrika te help bevorder. Sien die video hier

- Die AHI geniet erkenning as 'n konstruktiewe en aktiewe agent vir die bou van 'n inklusiewe ekonomie. Kyk nuusgrepe by: eNuus; SABC; New Age; georgeherald; Fokus; RSG Moneyweb; Woordfees

Die AHI se Entrepreneurskapsontwikkelingsprogram word hoog aangeslaan deur ander industrie-rolspelers. Talle jong entrepreneurs vind ook reeds baat by die AHI se entrepreneurskapskursusse wat landswyd gehou word – gevolg deur 'n mentorskapsprogram.

Dit is 'n gulde geleentheid vir korporatiewe Instansies om hierby in te skakel of hul produkte en dienste te bemark. Die Nasionale Ontwikkelingsplan (NOP) word verder heelhartig ondersteun deur die AHI. Dit skep 'n geleentheid om met ander rolspelers asook die Regering hande te vat en 'n sterk middelklas te skep. Kyk skakels hieroor: Entrepreneurs Development programme; Entrepreneurial skills; Naspers

2.7 Ter Afsluiting

"Voormelde waardeproposisie stel lede in staat om hul voetspoor en invloed nasionaal, provinsiaal en op plaaslike vlak binne en buite die AHI-familie uit te brei."

Die AHI verwelkom betrokkenheid van ander organisasies wat dieselfde doelwitte nastreef. Ons leuse bly "Saam skep ons volhoubare welvaart" in die beste belang van Suid-Afrika en al haar mense.

SAAM SKEP ONS VOLHOUBARE WELVAART
TOGETHER WE CREATE SUSTAINABLE PROSPERITY